| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | REKENINGKUNDE |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 13<br>(INSLUITEND 'N FORMULEBLAD EN 'N 12 BLADSYE ANTWOORDEBOEK) |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg hulle presies.

1. Antwoord **ALLE** vrae.
2. 'n Spesiale **ANTWOORDBOEK** word voorsien waarin **ALLE** vrae beantwoord kan word.
3. Toon **ALLE** bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon **ALLE** berekeninge tot **EEN** desimale punt.
7. As jy kies om dit te doen, kan jy die Finansiële Aanwyser Formuleblad aangeheg aan die einde van hierdie vraestel gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om **NIE** daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Bankversoening | 25 | 20 |
| **2** | Voorraadwaardasie | 30 | 25 |
| **3** | Kosterekeningkunde en Vaste Bates | 60 | 50 |
| **4** | Kontantbegroting | 35 | 25 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: BANKVERSOENING** **(25 punte; 20min)**

1.1 Die inligting hou verband met Waves – Winkels vir Oktober 2024. Die amptelike bankstaat wat van Tides Bank ontvang is, word afgesluit en gedruk op die 27ste van elke maand.

**GEVRA:**

1.1.1 Gebruik die gegewe tabel in die ANTWOORDBOEK om die korrekte totale van die Kontantjoernale op 31 Oktober 2024 te bereken. (9)

1.1.2 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Oktober 2024. (4)

1.1.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2024 op. (8)

1.1.4 Die heffing op Yoco-spoedpunt – kaartverkope is 2% van kaartverkope bedrag. Bereken die totale Yoco-spoedpunt – kaartverkope vir die maand. (2)

1.1.5 Die eienaar het op die bank se webwerf opgemerk dat die rekeninghouers gewaarsku word teen die gebruik van aanlyn banktoepassings (sagteware) weens die toename in kuberkrakery. (Proses waardeur ongemagtigde toegang tot vertroulike inligting verkry is vir oorplasings transaksies.)

Gee TWEE voorstelle aan rekeninghouers om hulself teen hierdie misdaad te beskerm. (2)

**INLIGTING:**

**A. Bankversoeningstaat op 30 September 2024.**

| | |
|---|---|
| Ongunstige saldo van Bankstaat | 35 380 |
| Uitstaande deposito (gedateer 29 September 2024) | 13 700 |
| Uitstaande EFO: | |
| No. 1243 | 2 840 |
| No. 1244 | 4 895 |
| Bankrekening saldo (Oortrokke rekening) | 29 415 |

**Let wel:** EFO 1243 gedateer 30 September 2024 verskyn op die Oktober Bankstaat met die korrekte bedrag van R2 480.

**B. Die volgende totale in die Kontantjoernale voordat dit vergelyk is met die Oktober Bankstaat.**

KOJ – R365 760
KBJ – R319 790

**C. Items ingesluit in die Oktober 2024 Bankstaat, maar nie in die Oktober Kontantjoernale nie:**

(i) Uitstaande deposito van R13 700 gedateer 29 September 2024.

(ii) EFO 1244 vir R4 895.

(iii) Direkte deposito van R5 780 deur 'n debiteur, ter vereffening van sy rekening van R6 000.

(iv) Rente op oortrokke rekening R636.

(v) Diensgelde R734. Volgens ons kliënte opsie het die bank ons dubbel op diensgelde gehef.

(vi) Yoco – masjien kostes R1 438.

(vii) Debietorder vir versekering R5 909.

(viii) Kontantonttrekkings met die debietkaart van die maatskappy, R3 150 vir die maand se kleinskasvoorskot.

(ix) ’n Oordrag vanaf Sandy – Stores vir R4 500 verskyn op die Bankstaat, maar die bank het Waves – Stores in kennis gestel dat dit verkeerdelik na Waves – Stores oorgeplaas is. Die bank sal hierdie inskrywings op 1 November 2024 terugskryf.

**D. Items wat slegs in die Kontantjoernale van Oktober 2024 verskyn het:**

(i) Deposito op 30 Oktober 2024 vir R17 900.

(ii) EFO 1280 vir R11 540.

**E. Die eindsaldo op die Bankstaat was: ?**

**25**

## VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE (30 punte; 25 min)

**2.1 Kies die korrekte woord in elk van die volgende sinne. Skryf die woord in jou ANTWOORDBOEK langs die nommer (2.1.1 – 2.1.4) neer.**

2.1.1 Die (periodieke / deurlopende) voorraadstelsel teken die koste van goedere aan wat by die verkoopspunt verkoop word.

2.1.2 Die (eerste-in-eerste-uit / geweegde gemiddelde) metode is meer relevant vir lae koste-voorraaditems wat op 'n meer gereelde basis aangekoop word.

2.1.3 In die Deurlopende Voorraadstelsel sal voorraad verliese 'n (laer / hoër) bruto wins toon.

2.1.4 Die (eerste-in-eerste-uit / geweegde gemiddelde) voorraad waardasiemetode sal eindvoorraad waardeer teen die mees huidige voorraadpryse. (4)

**2.2 Die volgende inligting is verkry uit die boeke van Sunstoppers Sonbrille op 29 Februarie 2024. Die besigheid verkoop een tipe stylvolle sonbril en word deur Sally besit. Die maatskappy gebruik die periodieke voorraadstelsel en goedere word teen 'n winsopslag van 70% op die kosprys verkoop.**
**Die onderneming gebruik tans die geweegde gemiddelde metode om voorraad te waardeer.**

2.2.1 Bereken die volgende op 29 Februarie 2024:

- Waarde van eindvoorraad (gebruik die geweegde gemiddelde metode). (6)
- Voorraadhoudingstydperk in dae (Gebruik eindvoorraad). (6)

2.2.2 Sally vermoed dat sonbrille uit die winkel gesteel word ten spyte van sekuriteitskameras wat geïnstalleer is en behoorlike implementering van verdeling van pligte.

- Gee 'n berekening om haar kommer te regverdig. (4)
- Wat kan Sally doen om die interne beheer van voorraad te verbeter? Noem TWEE punte. (4)

2.2.3 Sally is nie seker of die vorige boekhouer die korrekte voorraad-waardasie metode gebruik het nie. Sally voel dat die Eerste-in-eerste-uit die beste opsie vir haar besigheid sal wees. Gee TWEE redes om Sally te oortuig dat Eerste-in-eerste-uit (EIEU) die beste opsie is. (4)

2.2.4 Gee 'n rede hoekom jy dink die winkelbestuurders het die bestelling en aankope van voorraad in September verdubbel? (2)

**INLIGTING:**

**A. Sonbrille**

| Voorraad rekords | Eenhede | Koste per eenheid | Totale waarde |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **Voorraad saldo: Begin** | **230** | **R3 600** | **R828 000** |
| **Aankope gedurende die jaar** | **1 375** | | **R5 661 350** |
| April 2023 | 140 | 3 800 | 532 000 |
| Julie 2023 | 235 | 4 050 | 951 750 |
| September 2023 | 480 | 4 120 | 1 977 600 |
| Desember 2023 | 360 | 4 200 | 1 512 000 |
| Februarie 2024 | 160 | 4 300 | 688 000 |
| **Terugsendings: Des aankope** | **(40)** | | **(168 000)** |
| **Totaal beskikbaar vir verkope** | **1 565** | | **R6 321 350** |
| **Voorraad saldo: Einde** | **310** | | |
| **Totale verkope** | **1 200** | | |

**B. Vraggeld**

Die Maatskappy gebruik *The Courier Guy* om aflewerings van sonbrille by die winkel te maak. Die besigheid kry nie ’n terugbetaling as goedere na verskaffers teruggestuur word nie. Totale afleweringskoste vir die jaar is R142 100.

**30**

## VRAAG 3: KOSTEREKENINGKUNDE EN VASTE BATES (60 punte; 50 min)

**3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.**

3.1.1 Primêrekoste bestaan uit direkte arbeid en (direkte materiaal / fabriek bokoste).

3.1.2 Advertensies is deel van die (administrasie / verkoop en verspreiding) koste.

3.1.3 (Veranderlike / Vaste) koste verander wanneer die hoeveelheid goedere wat geproduseer word, verander. (3)

**3.2 *Whale Watches* is 'n plaaslike vervaardigingsmaatskappy wat bekostigbare handelsmerk horlosies vir diepseeduik en visvang vervaardig. Hulle handhaaf 'n winsopslag persentasie van 150% op kosprys. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 28/29 Februarie.**

3.2.1 **Verwys na inligting B**

Bereken die waarde van grondstowwe wat vir produksie uitgereik word. (10)

3.2.2 **Verwys na inligting C**

- Bereken waardevermindering op Fabriekstoerusting. (7)
- Behalwe diefstal, noem nog 'n risiko waaraan vaste bates blootgestel is en 'n beheermaatreël om hierdie risiko te voorkom. (2)
- Bereken waardevermindering op die afleweringsvoertuig. (2)

3.2.3 Berei die Fabrieksbokoste nota vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 voor. (17)

3.2.4 Stel die Produksiekostestaat op. (8)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel van die maatskappy se finansiële rekords:**

| | **29 Feb 2024** | **28 Feb 2023** |
|---|---:|---:|
| Grondstof voorraad | 672 020 | 513 500 |
| Werk-in-Proses voorraad | 628 900 | 546 700 |
| Klaar produkte voorraad | 201 300 | 229 800 |
| Fabriekstoerusting | 843 000 | 664 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting | ? | 545 720 |

**B. Rou materiaal**

- Grondstowwe ter waarde van R2 100 000 is deur die jaar aangekoop. 7,5% van die aankope is aan verskaffers teruggestuur omdat dit nie volgens spesifikasies was nie.
- Vraggeld op aankope van grondstowwe beloop R94 500 per EFO-betalings.
- Bykomende grondstowwe ter waarde van R240 000 is by MEG Handelaars in die VSA aangekoop. 'n Handelskorting van 5% is van MEG Handelaars ontvang. Invoerregte beloop 2% van die finale faktuur se totaal.

**C. Waardevermindering op fabriekstoerusting**

- Die boekhouer het die volgende bladsye in die vastebateregister voltooi deur die verkeerde metode van waardevermindering te gebruik.
- Waardevermindering op Fabriekstoerusting word bereken teen 20% p.j. op die boekwaarde-metode.

  Aanpassings ten opsigte van die 3-D drukker wat op 30 November 2023 gesteel is, moet gemaak word:

| 3-D drukker | Koste | Waardevermindering | Boekwaarde |
|---|---|---|---|
| 1 Julie 2022 | R36 000 | | R36 000 |
| 28 Februarie 2023 | | R4 800 | R31 200 |
| 30 November 2023 | | R5 400 | R25 800 |
| | | | |
| Versekering uitbetaling | | | R19 500 |
| Verlies weens diefstal | | | R6 300 |

  Nuwe toerusting is op 1 September 2023 met kontant vir R215 000 aangekoop.

  Waardevermindering op die oorblywende toerusting op 29 Februarie 2024 is korrek as R84 000 bereken.

- Waardevermindering op die afleweringsvoertuig word verskaf teen 15% p.j. op die kosprysmetode.

| Afleweringsvoertuig | Koste | Waardevermindering | Boekwaarde |
|---|---|---|---|
| 1 Maart 2017 | R1 664 000 | | R1 664 000 |
| 28 Februarie 2023 | | R249 600 | R166 400 |
| 29 Februarie 2024 | | R249 600 | |

**D. Fabrieksbokoste:**

| **Uittreksel van uitgawerekeninge:** | |
|---|---|
| Indirekte materiaal | 170 800 |
| Huuruitgawe | 227 500 |
| Salaris: Fabrieksvoorman | 223 502 |
| Versekering: Administrasie | 28 560 |
| Water en Elektrisiteit | ? |
| Waardevermindering | ? |

- 85% van die indirekte materiaal is in die produksieproses gebruik.
- Die huur vir Maart 2024 is vooruitbetaal. Huur is 'n vaste maandelikse bedrag en het gedurende die jaar onveranderd gebly. Huur word verdeel volgens vloeroppervlakte: Fabriek 900 $m^2$; Administrasie 150 $m^2$ en Verkope en verspreiding 150 $m^2$ .
- Die boekhouer het die totale versekering gelykop verdeel tussen die fabriek, administrasie en verkope en verspreiding. Die korrekte verhouding is egter 3 : 1 : 1.
- Inligting om die fabriek se water en elektrisiteit vir die jaar te bereken:

| | **Jaarlikse verbruik** | | **Maandelikse fooi** |
|---|---|---|---|
| | **Eenhede gebruik** | **Koste per eenheid** | **Diensfooie** |
| Werkstasie A | 16 250 | R0,80 | R450 |
| Werkstasie B | 20 900 | R0,90 | |
| Totaal | 37 150 | | |

## 3.3 Gelykbreekpunt

**Dolphin divers – Winkels vervaardig slegs een tipe natpakke (*Wet suits*). Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2024. Produksie is slegs gebaseer op bestellings wat ontvang is, daarom is daar geen Werk-in-Proses voorraad saldo's nie.**

3.3.1 Verduidelik hoekom dit nodig is om die Gelykbreekpunt te bereken. (1)

3.3.2 Bereken die Gelykbreekpunt vir die jaar wat op 29 Februarie 2024 eindig. (4)

3.3.3 Verduidelik of die behaalde produksievlakke bevredigend is of nie. Haal syfers aan om jou mening te staaf. (3)

3.3.4 Verwys na die rekenmeester se berekeninge van veranderlike koste per eenheid vir nRatpakke:
Identifiseer die produksiekoste wat die grootste probleem met die maak van die natpakke veroorsaak het, haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Gee 'n praktiese oplossing vir Dolphin divers – Winkels. (3)

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit die rekords van Dolphin divers – Winkels:**

| | 2024 | | 2023 | |
|---|---|---|---|---|
| | **Totaal** | **Eenheids-koste** | **Totaal** | **Eenheids-koste** |
| Vaste koste | R2 778 750 | R585 | R1 821 000 | R378 |
| Veranderlike koste | R1 710 000 | R360 | R1 785 250 | R370 |
| Direkte materiaalkoste | | R170 | | R200 |
| Direkte arbeidskoste | | R160 | | R120 |
| Verkoop en verspreiding | | R30 | | R50 |
| | | | | |
| Verkoopprys per eenheid | | R1 410 | | R970 |
| | | | | |
| Hoeveelheid eenhede geproduseer en verkoop | 4 750 | | 4 825 | |
| | | | | |
| Gelykbreekpunt (eenhede) | ? | | 3 035 | |

**60**

**VRAAG 4: KONTANT BEGROTING** **(35 punte; 25 min)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot **Road Trip – Algemene Handelaars**

**GEVRA:**

4.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Desember 2024 en Januarie 2025. (6)

4.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (a) tot (g) in die Kontantbegroting. (19)

4.3 Bereken die bykomende spasie (in vierkante meter) wat die besigheid beplan om vanaf Januarie te huur. (**Verwys na Inligting K**) (3)

4.4 **Verwys na Inligting L:**

Begrote en werklike bedrae van sekere items vir November 2024 word verskaf. Haal in elke geval bedrae in jou verduideliking aan.

Lewer kommentaar oor die beheer van die volgende uitgawes:

- Verpakkingsmateriaal (4)
- Water en Elektrisiteit (3)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel van bedrae uit die Kontantbegroting**

| | **Werklik** | | **Begroot** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** |
| Totale verkope | 180 000 | 170 000 | | |
| Kontantverkope | | | 20 000 | 22 000 |
| Betaling aan Krediteure | | | ? | **(a)** |
| Lening ontvang | | | | 20 000 |
| Rente op lening | | | 2 250 | **(b)** |
| Lone | | 19 450 | **(c)** | **(d)** |
| Huuruitgawe | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 13 800 |
| Ander bedryfsuitgawes | | | **(e)** | 38 500 |
| Deposito: Afleweringsvoertuig | | | **(f)** | |
| Voertuig paaiemente | | | | 4 500 |
| Advertensies | | | 62 000 | **(g)** |

**B.** Kontantverkope beloop 10% van totale verkope.

**C.** Winsopslag is 100% op kosprys.

© SACAI KOPIEREG

**D.** **Daar word van debiteure verwag om soos volg te betaal:**

- 10% in dieselfde maand wat die transaksie plaasgevind het.
- 50% in die maand nadat die transaksie plaasgevind het.
- 40% twee maande nadat die transaksie plaasgevind het.

**E.** **Aankope en betaling aan krediteure:**

- Alle goedere word op krediet aangekoop. Handelsvoorraad vlakke word konstant gehou.
- Krediteure word betaal in die maand nadat die aankope gedoen is, sodat die maatskappy 5% afslag kan kry.

**F.** Road Trip – Algemene Handelaars beplan om in Januarie 2025 'n bykomende lening van R20 000 teen 15% p.j. rentekoers te maak. Bereken die rente op lening wat in Januarie 2025 betaalbaar is.

**G.** ’n Personeellid het gevra dat R3 500 van haar November-loon gehou word en in Desember aan haar betaal word. Die versoek is toegestaan. Die loon uitgawe bly 'n konstante bedrag van November tot Januarie.

**H.** Ander bedryfsuitgawes sal met ingang van 1 Januarie 2025 met 10% styg.

**I.** Die besigheid beplan om 'n afleweringsvoertuig aan te koop op 1 Desember 2024. 'n 20% deposito sal op 1 Desember betaal word en die balans sal in gelyke maandelikse paaiemente van R4 500 oor 4 jaar vanaf Januarie 2025 betaal word.

**J.** Getaway Productions is gekontrakteer teen R128 000 vir 'n advertensieveldtog vir die tydperk 1 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025. Die ooreenkoms met Getaway Production sluit 'n eenmalige bedrag van R62 000 in wat in Desember 2024 betaalbaar is vir die vervaardiging van die video. Die oorblywende bedrag dek die maandelikse advertensie op TV vir die 12 maande kontrak.

**K.** Huuruitgawe word bereken teen 'n vaste bedrag per vierkante meter. Die maatskappy huur tans 75 $m^2$. Bykomende vloerspasie as gevolg van uitbreidings sal vanaf 1 Januarie 2025 teen dieselfde bedrag gehuur word.

**L.** Begrote en werklike bedrae vir November 2024:

| | **Begroot** | **Werklik** |
|---|---|---|
| Verkope | 170 000 | 129 200 |
| Verpakkingsmateriaal | 25 500 | 23 400 |
| Water en Elektrisiteit* | 6 750 | 7 500 |

***LET WEL:** Die water en elektrisiteit het onverwags met 15% toegeneem vanaf 1 November 2024.

**35**

**TOTAAL: [150]**

| **GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS** | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Nie-bedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die getal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

© SACAI KOPIEREG 